

Roofvoëls en wedvlugduiwe

Agtergrond


Sommige roofvoëls is uitstekende voëljaegers en maak uitsluitlik van voëls as prooi gebruik vir hul oorlewing. Hierdie voëlspecialiste word dikwels aangetrek na beboude gebiede waar die hoë geboue en bome uitkykpunte vir jagdoeleindes voorsien, plekke vir neste verskaf en die middestad en voorstedelike tuine 'n hoë digtheid van prooi voëls bevat. Hierdie scenario mag roofvoëls in konflik bring met menslike aktiwiteite soos voëlboerdery en die aanhou van wedvlugduiwe. Die spesies in ons omgewing wat die meeste by hierdie konfliksituasies betrokke is, is die groter valke en sperwers, naamlik Swerfvalke, Edelvalke en Swartsperwers. Hulle is almal gereelde en baie suksesvolle roofvoëls van ons inheemse duiwe en van mak en wilde wedvlugduiwe (Tuinduiwe). Alhoewel probleme met hierdie roofvoëls meer dikwels in stede en dorpe voorkom, word wedvlugduiwe in landelike gebiede ook bedreig, naamlik tydens vrylating vir oefen- of wedvlugte, of wanneer hulle oppad is na hul hokke. Roofvoëlaanvalle op wedvlugduiwe kan vir duiwetelers aansienlike finansiële verliese veroorsaak en die skuldige voëls word gevolglik dikwels meedoënloos vervolgt.



Omvang van die probleem

Die meeste verliese wat deur roofvoëls veroorsaak word, word in die omgewing van duiwehokke ervaar, veral gedurende die oefening van onervare duiwe en in sulke situasies mag kleiner en minder gespesialiseerde roofvoëls soos Afrikaanse Sperwers, Dwergarende, Bleeksingvalke, Geelbekwoue en ander spesies probleme veroorsaak. Jong duiwe gaan deur 'n tydperk waar hulle hulle hokomgewing leer ken wanneer hulle nog te jonk is om te vlieg of nie aangemoedig word om te vlieg nie. Dit is gedurende hierdie tydperk wanneer hulle rondstap of op die hok in die son sit wat hulle veral blootgestel word aan roofvoëls. Daarby mag selfs ervare duiwe tydelik gedisorïenteerd wees wanneer hulle uit die hok vrygelaat word en dus ook maklike prooi vir roofvoëls kan word. Duiwe word soms aangeval wanneer hulle buite die hok bad – duiwe met nat vere vlieg moeilik op. Verliese by duiwehokke is meer algemeen in bergagtige en beboste areas waar valke baie algemeen voorkom. Die kleur of veerpatrone van vere mag ook 'n rol speel, byvoorbeeld roofvoëls verkies duiwe wat bont is of waarvan die kleur oorheersend wit is.

Duiwetelers verloor baie duiwe gedurende die wedvlug-seisoen. Alhoewel hierdie verliese dikwels aan roofvoëls toegeskryf word, is dit meesal ongeregtig. Die meeste roofvoëls is te stadig om 'n duif in reguit vlug te vang. Weg van die duiwehok, is duiwe blootgestel aan aanvalle deur roofvoëls wat bedags aktief is wanneer hulle land om water te drink by plaasdamme en hulle kan ook moontlik snags deur uile gevang word wanneer hulle slaap. Wedvlugduiwe word ook as gevolg van ander redes verloor: sommige word siek, sommige verdwaal as gevolg van swak weersomstandighede of ook as gevolg van onvoldoende afrigting en onfiksheid en sommige bots met oorhefse telefoon- en kraglyne of selfs met heinings op winderige dae wanneer swerms net bokant die grond vlieg om energie te bespaar.



Voorstelle om wedvlugduiwe teen roofvoëls te beskerm

Daar is geen betroubare manier om ten volle te verhoed dat wedvlugduiwe deur roofvoëls gevang word nie, maar daar is 'n

paar opsies om die probleem tot aanvaarbare vlakke te verminder. Hier is 'n paar voorstelle:

- Voordat 'n duiwehok gebou word, vra plaaslike voël- of roofvoëlkenner uit oor die plaaslike roofvoëlpopulasies en waarskynlikheid van verliese deur roofvoëls. Indien dit hoog is, heroorweeg die oprigting van die hok.
- Onthou dat roofvoëls duiwe aanval omdat hulle die maklikste, voordeligste teikens beskikbaar is. Hoe moeilik dit ook al mag wees, neem tyd om die roofvoëls dop te hou as hulle jag – dit sal jou 'n beter idee gee hoekom hulle na die hok aangetrek word en wanneer en hoe hulle jag en dit behoort jou in staat te stel om die situasie makliker tot jou voordeel te bestuur.
- Roofvoëls het vaste gewoontes. Indien moontlik, probeer om die roetine van oefen- en afrigting te af te wissel om te verhoed dat jou hok 'n betroubare teiken op gereelde tye word. Dit sal die plaaslike valke aanmoedig om elders te gaan kos soek.
- As 'n reël is roofvoëls wat voëls jag, vroegoggend (na 'n nag sonder kos) en laatmiddag (voordat hulle gaan slaap) meer aktief. Indien jou duiwe volgens 'n vasgestelde roetine geoefen moet word, probeer om dit lank na sonsopkoms of lank voor sonsondergang te doen met die hoop dat die probleem roofvoël reeds gejaag en gevreet het, of nog nie weer begin jag het, terwyl jou duiwe vlieg nie.
- Moenie onervare duiwe sonder toesig uit hul hok vrylaat nie, veral nie as hulle nog hokgebondenheid leer nie.
- Verkort die tyd wat duiwe buitekant die hok deurbring.
- Voordat die duiwe vrygelaat word vir oefen- of wedvlugte, kyk of daar enige roofvoëls in die lug is en laat slegs die duiwe vry wanneer dit veilig is.
- Indien jy verliese ly, stel vas of duiwe van 'n besondere kleur of veerpatroon meer aangeval word. Indien daar 'n duidelike gunsteling is, probeer om die getalle van hierdie besondere tipe in jou hokke te beperk.
- Onder GEEN omstandighede mag jy jou toevlug neem tot die skiet, vergiftiging of vang van roofvoëls nie. Hierdie is almal onwettige opsies sonder die voorgeskrewe permitte – ALLE roofvoëls word deur provinsiale en nasionale wetgewing beskerm. Die verwydering van die skuldige voël veroorsaak dikwels dat dit deur 'n ander vervang word en is nie 'n langtermyn oplossing vir die probleem nie.
- Indien geen van die voorgestelde opsies suksesvol is nie en jy steeds herhaaldelik skade ondervind wat deur roofvoëls veroorsaak word, kontak die naaste verteenwoordiger van jou plaaslike bewaringsowerheid en/of die Roofvoëlwerkgroep en vra vir verdere advies. Dit sou ideaal wees indien iemand jou kan besoek om raad te gee.



Teks deur: Julius Koen en Andrew Jenkins; illustrasies deur Toni Pretorius; uitleg deur Africa4U



Vir meer inligting kontak:

Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde Natuurlewe

Tel. +27-(0)11-4861102; Faks +27-(0)11-4861506

Webtuiste: www.ewt.org.za

E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)

BoPWG brosjures gekoördineer deur Mark Anderson